Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, August 09, 2019
Page: 27

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** | JOHAN BRANDT



# Gaan my seun my plaas erf?

**Die plan kan dalk wees dat die oudste kind of enigste seun die plaas erf, maar dit is nie te sê die langslewende eggenoot gaan dié wens van die oorlede boer eerbiedig nie. Indien die langslewende eggenoot besluit om weer te trou, verander die hele prentjie. Tref betyds voorsorg.**

Ons kry gereeld die geval dat 'n eggenote (man of vrou) sterf en die langslewende dan weer trou. Boeta boer egter al jare lank en was nog altyd geoormerk om die plaas te erf. Is dit egter 'n uitgemaakte saak?

Ons is nie seksisties nie en gebruik dus slegs die voorbeeld van die tweede vrou, maar dit is net so waar en selfs meer relevant vir die tweede man!

Die tradisionele testament van landbouers in Suid-Afrika, en daar is baie van hulle, bepaal eenvoudig dat die langslewende erf of "in besit bly", soos daar vanmelewe gesê is.

Die dilemma van hierdie edele manier om jou liefde by wyse van jou testament te betoon, verander soms in 'n monster wat moeilik verslaan kan word. Daar is geen waarborg dat jou eggenoot die wense wat jy ten opsigte van Boeta gekoester het, gaan eerbiedig nie. Indien die langslewende dus onvoorwaardelik erf, is die volgende risiko's van toepassing:

- Nadat 'n betaamlike tydperk verloop het, kry die eggenote 'n nuwe liefde in haar lewe vir wie sy net so lief is soos sy vir jou was.
- Boeta en die nuwe man kom nie so goed oor die weg nie.
- Moeder bewaar die vrede en hoop alles kom reg.
- Moeder bemaak die plaas aan haar nuwe man en ons hoef nie iets verder te sê nie.

Die gevolge van bogenoemde kan katastrofies wees vir Boeta. Alles wat hy tot dusver op die plaas uitgegee het en al die tyd wat hy geboer het, is verlore. Hoe nou gemaak?

Die gewildste opsie is om by jou afsterwe die plaas aan Boeta se trust te bemaak met 'n vruggebruik ten gunste van Moeder. Is dit die antwoord? Bepaald nie.

Vruggebruik beteken net dit: Die vruggebruiker mag die vrugte geniet, maar dit nooit vervreem nie. Die blote eienaar (Boeta se trust) mag nie daarmee handel sonder die vruggebruiker se toestemming nie. Dink nou net aan die gevolge vir byvoorbeeld oeslenings.

## OPLOSSINGS

'n Goeie alternatief om die moeder van die gesin te versorg én te verseker dat jou seun die plaas sonder beletsels van vruggebruike, leningsrekenings en ander planne bekom, is deur 'n koop- en verkoopooreenkoms.

Sodanige ooreenkoms, indien dit korrek gestruktureer word, is een van die min maniere om kontant in jou (die boer se) boedel te genereer sonder om boedelbelasting te betaal op die opbrengs van die polis.

Jy gaan 'n amptelike ooreenkoms met jou seun aan dat hy by jou afsterwe die belang in die boerdery kan bekom. Die opbrengs van sodanige kooptransaksie word dan bloot as die restant aan die moeder bemaak. Die kooptransaksie kan in sekere gevalle onderworpe wees aan die lewenslange woonreg van die moeder.

Dit is noodsaaklik dat die voorwaardes soos gestel in artikel 3(3)(a)(iA) van die Wet op Boedelbelasting nagekom moet word ten einde die voordele volledig te benut. Indien die transaksie tussen jou seun se trust en jou of jou trust plaasvind, sal die opbrengs wel onderworpe wees aan boedelbelasting.

Nog 'n manier is om die plaas aan Boeta se trust te bemaak op voorwaarde dat 'n leningsrekening ten gunste van Moeder aangeteken word ten bedrae van byvoorbeeld 70% van die plaas se waarde. Die gevreesde artikel 7C kan nou goed werk, want nou moet die trustees rente aan Moeder betaal, wat haar ruim kan versorg.

Onthou net dat die feit dat jou eggenote 'n begunstigde van 'n trust is, geen waarborg van versorging is nie. As jy nie behoorlik vir haar nalaat nie, is 'n eis ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) 'n werklikheid wat 'n boedel kan sink.

Die noodsaaklikheid van deeglike en holistiese boedel- en fidusiêre beplanning kan nie genoeg beklemtoon word nie. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.